

MEER KUNS IN DIE SKOOL

'n MENS kan nie help nie om soms verbaas te wees oor die algemene onverskilligheid wat daar bestaan ten opsigte van kunsskeppinge nie. Die woord „kuns” het vir baie van ons so 'n soort mistieke betekenis, en die mense wat die kuns beoefen, word dikwels deur ons beskou as persone wat nie juis ernstige aandag verdien nie. Manne wat die beoefening van die kuns kies as 'n beroep, word deur die andere as meisieagtig beskou, en ons is maar te geneig om kunstenaars in die algemeen daarvan te verdink dat hulle nie al hul varkies in die hok het nie.

Die oorsaak hiervan lê natuurlik daarin dat die meeste mense die kunstenaar nie begryp nie; en wat ons nie verstaan nie, kan ons natuurlik nie reg beoordeel nie. Ons weet dat die groot Richard Wagner in sy leeftyd niks anders as miskennings gekry het nie, en vandag is sy operas van onskatbare waarde. Verdi, die groot Italiaanse komponis, het sy lewe in armoede geslyt, terwyl sy werke nou nie met geld te koop is nie. Menige kunstenaar het in wanhoop selfmoord gepleeg omdat sy medemenslike hom nie verstaan het nie, om dan later ontdek en opgehemel te word as 'n genie.

Hoewel dit vir ons mag lyk dat die kuns bo ons vuurmaakplek is of net die belangstelling van geestelik abnormale mense werd is, kan dit nie betwis word nie dat die kuns net so noodsaaklik is vir die volksiel as brood vir die liggaam, want geen volk is 'n volk nie sonder 'n kultuur, en kultuur sonder kuns is 'n dooie liggaam sonder gees. As ons die wörding van nasies bestudeer, sal ons opmerk dat nasionale groei gepaard gaan met die opbloeie van 'n eie volkskuns; en geen volk is 'n nasie nie voordat hy nie kan aanspraak maak op 'n kuns wat sy eie is nie. En wanneer die volksiel van die nuwe nasie homself geuit het in 'n eie volkskuns, dan staan daardie kuns as die verpersoonliking van die nasie, al word die nasie self ook tot ondergang gedoem. Al wat oorbly van die ou Grieke en Romeine, is hul kuns; en as 'n mens vandag maar net die ruïnes op die Akropolis gadeslaan, dan moet jy in stille bewondering die grootheid van die Griekse boustyl erken.

En wat van die ou Egiptiese beskawing? As ons, Westerlinge, ons bors hoogmoedig uitstoot oor wat ons presteer het, en ons kyk na die Sfinx, die piramides, die ou tempels en die kunsskatte wat nog elke dag opgegrawe word, dan noop dit ons tot groter nederigheid in die besef van die hoogte wat die ou Egiptiese kultuur bereik het duisende jare voor die geboorte van Christus. Die ou Oosterse beskawing het tot met gegaan, maar die kunsstukke, wat die uiting is van daardie beskawing, staan vandag nog na baie eeue as die enigste oorblyfsel van 'n eertydse hoogontwikkelde kultuur.

Net so vind ons dat die Moorse boustyl die mees sigbare aanduiding is van die Moorse oorheersing in Spanje. Op dié manier het die More 'n onsterflike invloed uitgeoefen op die land, en vandag gaan ons nog na Granada om die pragtige bouwerke te bewonder.

Volke word gebore, ontwikkel tot 'n stadium van hoë wasdom, kristalliseer hul eie volksaard in 'n eie kuns en sterf, terwyl die kunsstukke oorbly as 'n ewige monument, die simbool van hul onsterflike siel. In daardie kuns word die nasionale eie-aard weerspieël net soos in die persoonlikheid al wat eie is aan die individu, saamgevat word. Elke mens met eenige persoonlikheid wat die naam werd is, laat sy stempel na op sy omgewing. Hy trek hom aan volgens eie smaak, hy bou 'n huis volgens eie opvatting en druk sy diepste gedagtes uit op sy eie manier, sodat jy hom later ken aan die dinge om hom. So kan jy 'n volk ken aan sy kuns; die oppervlakligste kunskenner sien in die Gotiese boustyl die tradisies van die Germaanse volkstern en weet dat die pagode so eie is aan China as die slipoog aan die Chinees.

Die funksie van die kuns is egter nie net om die eieaard van die volk aan te dui en dan later te dien as monument nie. Dit gebeur soms dat 'n volk sy toevlug tot sy kuns neem om homself te

Deur

Dr. M. N. Smuts

red, soos dit die geval in Duitsland was na die Groot Oorlog. My ondervindings in Duitsland in 1923, toe die hele volk nog geswoeg het onder die wroeging van die naoorlogse ellende, staan my nog helder voor die gees. Daar was hongersnood soos ons dit hier vir onself nie kan voorstel nie. Universiteitsprofessore was ondervoed, studente het bleek en half-gekleed na die klasse gekom, die werkende klasse het bakkerswinkels en kafees stormgeloop om die prikkels van die honger te still, en selfmoord was aan die orde van die dag, omdat werklooses die dood verkies het bo die vreeslikheid van 'n broodlose bestaan. Dit was trouens feitlik 'n daaglikse gebeurtenis dat so 'n werklose vader sy vrou en kinders in hul slaap om die lewe bring deur gasverstikking om dan self sy lewe te neem deur in 'n warm bad te klim en sy polsaar oop te sny. Ek het groot mans, vaders van kinders, in die straat sien ween in vertwyfling, omdat die lye van hul dierbares vir hulle ondraaglik was.

Onder sulke omstandighede het ek verwag om die operageboue leeg te vind, maar tot my grootste verbasing was net die teenoorgestelde die geval. Om 'n toegangkaartjie te kry, moes ek my aansluit by 'n lang ry en lank wag voordat ek my plek kon inneem in 'n propvol teater. Toe ek met 'n Duitse student praat oor hierdie verskynsel, het hy my die uitleg gegee. Hy het my vertel dat hy en talle van sy vriende elke dag een maaltyd opoffer om genoeg geld te spaar om ten minste een maal per week die opera te kan besoek, want, sê hy, dis die heerlike musiek, die uiting van hul volksiel soos daargestel deur Wagner in sy onoortreflike *Nibelungen Ring*, wat hulle help om hul kop bo water te hou in die dae van bittere nood.

Toe ek die groot kunsmuseums besoek, het dieselfde verskynsel my getref. Duitsland het sy groot skilderye goed gehuisves in doelmatige praggeboue wat daar staan as soveel simbole van die vooroorlogse tydperk van volkswelvaart en in die verskillende sale is daar gerieflike rusbanke, van waar die kunsliefhebber op sy gemak die meesterstukke kan bewonder en daaruit inspirasie kan haal. Ek het daar mense vir ure voor hul geliefkoosde skilderye sien sit en hulle bewonder asof hulle daar nooit genoeg van sou kry nie.

Die Thomas-kerk in Leipzig, waar Johann Sebastian Bach orrelis was, is bekend vir sy motette, 'n seunskoor wat meerstemmige gewyde liederes, sommige met Latynse teks, sing. Elke Saterdagmiddag om twee-uur was daar 'n konsert in die kerk. Hierdie konserte het ek dikwels besoek, en dit het my getref dat die gebou altyd propvol was. Hartroerend was dit om ou, geboë dames wagglend die kerk te sien binnestrompel aan die arm van hul deur armoede verfladderde en deur hongersnood verswakte mans; om karig geklede en half verhongerde seuns en dogters in stille aandag met gesluite oë te sien sit, terwyl hier onder 'n mistieke stilte heers en van daarbo, waar die koor vergader is om die klassieke Bach-orrel, die goddelikste musiek voortgalm en die majestieuse Gotiese gewelwe vul met sielversterkende akkoorde. Bewus van die kolossale nood van die volk, heengesleep deur die onoortreflike musiek en ooreldig deur die erns van die gehoor, voel die besoeker dat hy op heilige grond is en besef hy wat 'n kragtige faktor die kuns kan wees in die lewe van die volk. Duitsers het keer op keer aan my vertel dat hulle nooit die byna bomslike toets van hul volkssolidariteit kon deurstaan het nie, as dit nie was vir hul volkskuns nie.

Die vraag kom nou by ons op, of wat gegeld het vir Duitsland in die besonder, ook nie op die wêreld as 'n geheel van toepassing is nie, want dit lyk werklik of die Westerse beskawing voor 'n krisis te staan gekom het, wat van so 'n aangryp-

aard is dat denkers reeds sy ondergang voorspel het, soos Spengler in sy groot werk: *Der Untergang des Abendlandes* (Die Ondergang van die Weste).

Dat materiële besit die Westerling na die hoof geslaan het en hom sy ewewig laat verloor het ten koste van geestelike waardes, ly geen twyfel nie; mense word nie meer beoordeel volgens karaktereenskappe nie, maar volgens die grootte van hul beurs, en ons is maar te geneig om voor Mammon te salaam soos die Oosterling voor die beeld van Buddha. Geld is die maatstaf waarmee ons vandag alle mense meet, met die onvermydelike gevolg dat misdaad in die hand gewerk word deur die wêreldsg na die stotlike.

Toe Duitsland in geldelike nood geraak, het die volk versterking gaan put op Parnassus, en waar die wêreld vandag in 'n toestand van geldelike bankrotskap verkeer en Mammon sy volgelinge in die steek gelaat het, sal die tyd ons moet leer of die Muses nie tot hul hulp sal snel nie.

Die ontwikkelings in ons eie land is baie interessant in hierdie opsig. Na die eerste nedersetting deur van Riebeeck in 1652 was die geskiedenis van die Afrikaanse volk een onophoudelike worsteling om sy volksbestaan; eers was dit teen die Boesmans en die Hottentotte, toe teen die Kaffers, en eindelijk teen die Engelse, met die gevolg dat die Suid-Afrikaner geen tyd gehad het om aan iets anders te dink as sy eie lewensveiligheid nie. Ons weet egter dat teenspoed die karakter laat ontwikkel, en in die vuurproef van meer as twee eeue het ons volk ruim geleentheid gehad om 'n volksbewussyn te laat ontwikkel, wat sy wortels in hierdie bodem diep afgeskiet het. Die opbloeie van 'n eie taal met 'n snel aanwassende literatuur is daar die eerste bewys van. Na 'n eeuelange stryd het ons daarin geslaag om ons volkshuis klaar te bou, en waar ons nou betreklike nasionale rus en vrede geniet, het ons die geleentheid om daardie huis te meubileer en te versier volgens eie smaak en aanleg.

Ons het reeds gewag gemaak van die verskynsel dat nasionale mondigheid gepaard gaan met die opbloeie van 'n volkskuns. Hierdie stelling word pragtig bewys deur die ontwikkelingsgang van ons eie volk. Ons taal en letterkunde is reeds 'n werklikheid waarvoor niks verder behoef gesê te word nie. Saam met die taal het daar 'n diepgaande volksbewussyn aangegroei wat soek om hom te uit in 'n volkskuns. Ons kan maar net melding maak van die pragtige werksaamhede van verskillende eisteddfodau wat kunsuiting beoog of dit nou ook letterkunde, musiek, skilderkuns, beeldhou, argitektuur of handwerk is. Die werk van hierdie liggame is van onskatbare waarde.

Dan is dit verblydend om op te merk dat inheemse skilders eindelijk tot hul reg kom en erkenning geniet. Die boustyl, soos ons dit sien in die ou wonings in die Westelike Provinsie, is 'n trotse volksbesitting, en die volkslied vind meer byval. Ons dagblaaie en tydskrifte het kunsubrieke, en die uitheemse prentjies aan ons mure word stadig maar seker verdring deur skilderye met 'n Afrikaanse motief.

Eindelik is daar nog die werksaamhede van die F.A.K., 'n gekoördineerde organisasie wat die hele kunsbeweging 'n geweldige stoot gaan gee.

Dat die kuns so 'n onbeduidende plek ingeneem het in die leerplan van die skole van die volk, is te betreuer, maar dis tog verstaanbaar. Wat wel streng af te keur is, is die feit dat sommige onderwysliggame die kuns beskou as 'n luukse-artikel en musikonderrig in sommige skole gaan afskak het. Kuns is nie 'n weelderlike artikel nie maar 'n geestelike noodsaaklikheid wat onontbeerlik is, nie alleen vir persoonlike geluk nie, maar ook vir kulturele vooruitgang, met die gevolg dat belangstelling in en kennis van een of meer vertakkinge van die kuns by die kultuurvolke beskou word as 'n *sine qua non* van beskaafdheid en verfyndheid. Waar ons dus op skool probeer om onderrig met opvoeding te korreleer, het die onderwyser 'n geweldige hulpmiddel in die kuns. 'n Skool waar baie aandag aan musiek geskenk word, sal altyd blyke gee van 'n verfynde atmosfeer.

(Vervolg op bladsy 57.)

MEER KUNS IN DIE SKOOL (Vervolg van bladsy 23.)

Daarby kom nog die verskynsel dat kuns onder-
rig 'n heerlike geleentheid skep vir die beoefening
van 'n fundamentele pedagogiese wet, naamlik die
van die selfuiting van die kind. Daar is inder-
daad geen vertakking van die skoolwerkzaam-
hede waar die kind sulke gulde kanse het vir die
daarstel in die een of ander vorm van 'n innerlike
drang nie.

Die beskuldiging waaraan ons opvoedingstelsels
blootgestel is, is dat hulle te intellektualisties is
en te min, of glad nie, 'n beroep op die gevoels-
elemente doen nie. Wyle professor Kerschenstei-
ner, die vader van die arbeidskool in Duitsland,
beweer dat jy eers die gevoel van die kind moet
opwek voordat jy hom kan beweeg tot die uitvoer
van 'n taak. Ons weet uit eie ervaring hoe graag
ons iets doen waarin ons belangstel, en ons kan
alleen belangstelling hê wanneer daar 'n gevoels-
kompleks ontstaan. Deur die een of ander vorm
van kuns 'n ereplek te gee op die rooster van ons
skole, sal ons die sterkste faktor van die karakter
in beoefening bring en 'n dryfveer skep waar daar
gewoonlik onverskilligheid en traagheid heers.

In Denemarke word daar van elke onderwyser
vereis dat hy 'n musiekinstrument moet kan be-
speel, en die rol wat die musiek speel in die Duitse
skool, is reeds spreekwoordelik deur die hele be-
skaafde wêreld, wat 'n afdoende bewys is van die
opvoedkundige waarde daarvan. Ons volkslewe
sal buitenmate verryk word wanneer elke kind op
skool, in die primêre sowel as in die sekondêre
afdeling, sistematiese onderrig in musiek ontvang.
Onder die huidige omstandighede maak die leer-
plan van die sekondêre afdeling van ons skole geen
voorsiening vir behoorlike musiekonderwys nie, so-
dat dit in sommige skole as 'n soort buitemuurse
aktiwiteit so terloops beoefen word. En dis juis
in die hoêre klasse waar musiekonderrig van on-
skatbare waarde kan wees.

Dis bemoedigend om te weet dat die Superin-
tendent-Generaal van Onderwys in die Kaappro-
vinsie, om nie van die ander provinsies te praat
nie, sterk gevoel vir meer kuns in ons onderwys-
stelsel, en waar die Kongres van die Suid-Afri-
kaanse Onderwysersunie die nie-essensiële vakke
op skool, waaronder kuns sorteer, tot die onder-

werp vir sy kongres van 1933 gekies het, het ons
rede om groot dinge in dié verband in die naaste
toekoms te verwag. As die onderwysers eers sterk
begin ywer ten opsigte van die kuns, dan is die
saak gevonde, want die skool is ongetwyfeld die
magtigste masjinerie vir die bevordering van hier-
die uiters gewigtige onderafdeling van ons volks-
lewe.

Toe een van die professore van die Royal Aca-
demy of Music in Londen na 'n besoek aan Suid-
Afrika om eksamens te laat doen, enige jare ge-
lede, gevra is wat hy dink van die musikale aan-
leg van die Suid-Afrikaners, het hy die stelling
neergelê dat ons as 'n volk uiters musikaal is,
maar dat ons talent nog onontwikkel is. Dis die
plig van die skool om hierdie natuurlike bate te
ontgin in die belang van 'n rykere volkslewe,
waardeur ons kulturele ontwikkeling nie alleen
bevorder sal word nie, maar die enkeling ook 'n
bron van groot persoonlike genot tot sy beskik-
king sal hê.

„Die mens kan nie van brood alleen lewe nie,“
het die Meester duisende jare gelede geleer, en
waar die brood onder die drang van 'n wêreld-
depressie dikwels ontbreek, is dit te meer nood-
saaklik dat iets in die plek daarvan gestel moet
word.